higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NSC

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Toerusting en masjinerie is deel van die fisiese infrastruktuur van 'n onderneming.

1.1.2 'n Intrapreneur neem inisiatiewe en risiko's om 'n besigheid te begin ten einde 'n wins te maak.

1.1.3 Die substelsel: menslike hulpbronne is verantwoordelik vir die implementering van die beleid rakende finansiële sake.

1.1.4 Maatskappye het polisse vir openbare betrekkinge om hul beeld ('image') aan die algemene publiek te verkoop.

1.1.5 Opleiding is 'n 'TQM'-instrument waarin werknemers aangemoedig word om hulle kennis van die werksplek te gebruik om met idees vorendag te kom om werksaamhede te verbeter.

1.1.6 Programme verwys na individuele aktiwiteite waaruit die produksieprosesse bestaan, en die spesifieke volgorde waarin dit plaasvind.

1.1.7 'n Afname in inkomste dui aan dat 'n onderneming in gebreke bly om in sy gehaltebehoeftes te voorsien.

1.1.8 Die opleiding van werknemers om dit die eerste keer reg te doen, is deel van die zerodefek-programme.

1.1.9 Belanghebbendes in die gemeenskap sluit mededingers in.

1.1.10 Winsdeling word gebruik om werknemers te motiveer om aan gehaltestandaarde te voldoen en toegewese take af te handel.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Omskryf elk van die volgende terme met betrekking tot Bedryfsbestuur:

1.2.1 Fokusgroep

1.2.2 Aanleg ('Plant')

1.2.3 Bates

1.2.4 Gehalte

1.2.5 Werksaamhede ('Operations')

(5 × 2) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die volgende gevallestudie aandagtig deur en beantwoord die vrae.

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

Alfred hou daarvan om fietse reg te maak. Sy idee is om fietse te versien ('service') en gebruikersvriendelike toestelletjies ('gadgets') aan te bied. Hy het begin om fietse in die agterplaas van sy huis te herstel nadat hy as plaaswerker by 'n plaas in die omgewing bedank het. Hy het gewoonlik die fietse van sy werkgewer se drie seuns herstel toe hy op die plaas gewerk het. Die seuns is lede van die Mogale Fietryklub. Op 'n manier is hulle sy bemarkingsagente omdat hulle heeltyd ander klublede na Alfred verwys vir fietsherstelwerk.

Alfred woon in Krugersdorp, 'n gebied waar daar baie fietsryers is, veral bergfietsryers. Die toenemende getal fietswedrenne en fietsrygeleenthede is 'n rede vir die toenemende vraag na fietse. Navorsing dui aan dat klante bekostigbare, betroubare en duursame fietse nodig het.

Klante word aangetrek deur kreatiewe denke. Alfred kan moontlik fietse aanpas deur die volgende kenmerke te bied:

- 'n Verstelbare ratstelsel wat met 'n vingeraanraking werk
- 'n Maklik verwyderbare voorwiel om diefstal te voorkom
- Sitplekke wat volgens klante se behoeftes ontwerp word

Weens die groot aanvraag het hy sy besigheid na die dorp verskuif waar hy 'n gebou huur. Hy het ook vyf persone in diens geneem om hom te help. Hy het sy besigheid as Allis Bicycle Solutions by die owerhede geregistreer.

[Aangepas uit: *Smit (2000)]*

Kopiereg voorbehou

2.1 Die sukses van enige besigheid hang af van goeie verhoudinge met belanghebbendes.

2.1.1 Noem VIER belanghebbendes van Allis Bicycle Solutions. (4)

2.1.2 Verduidelik die rol van elk van die VIER belanghebbendes wat in VRAAG 2.1.1 geïdentifiseer is. (4 × 2) (8)

2.2 Alfred het jou gevra om beleide ('policies') te skep vir sy besigheid.

2.2.1 Noem VYF beleide wat in die besigheid geïmplementeer kan word. (5)

2.2.2 Motiveer hoekom die besigheid elk van die beleide kan hê wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is. (5 × 2) (10)

2.3 Allis Bicycle Solutions kan as 'n besigheidstelsel beskou word.

Om die aanname te staaf, gee DRIE behoeftes van 'n besigheidstelsel. (3)
[30]

VRAAG 3

3.1 Ontwerp 'n vloerplan vir die werksaamhede van Allis Bicycle Solutions. (5)

3.2 Bespreek DRIE soorte besluite wat Alfred geneem het rakende die bedryf ('operations') van die besigheid. (3 × 3) (9)

3.3 Alfred moet die veiligheid van beide werknemers en klante verseker.

Verduidelik die tegnieke wat toegepas moet word om in veiligheidsbehoeftes te voorsien. (5 × 2) (10)

3.4 Die besigheid wil Inligtingstegnologie-bates (IT-bates) ('IT assets') in gebruik neem.

Verduidelik hoe Alfred Inligtingstegnologie-bates (IT-bates) moet bestuur. (3)

3.5 Gee DRIE redes hoekom dit vir Alfred, as die bedryfsbestuurder, belangrik is om sy rolle effektief uit te voer. (3)
[30]

VRAAG 4

4.1 Alfred het jou gevra om 'n weeklikse aksieplan vir die besigheid te ontwikkel.

Verduidelik die komponente van 'n weeklikse aksieplan. (5 × 2) (10)

4.2 Alfred bestuur die werksaamhede van sy besigheid.

Motiveer hierdie stelling deur die funksies van 'n bedryfsbestuurder ('operations manager') met betrekking tot die gevallestudie te bespreek. (5 × 2) (10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou